LES 8: LANKMOEDIGHEID (GEDULD)

Bybel Storie gedeelte: Josef in Egipte Gen 39-40

Ons Boodskap vir vandag:
Dit betaal om vir leiding op die Here te wag, al vat dit soms lank. Die eindproduk is die moeite werd. God sien verder, en Sy planne kan ons nie altyd van die begin af verstaan nie, omdat ons nie alles weet nie. Op die ou end is dit soos 'n legkaart wat in plek val, en staan ons verbaas.

Ons skriffie vir die dag:
Deur lankmoedigheid word 'n vors oorgehaal, en 'n sagte tong verbreek die gebeente. Spr 25:15

Bykomende agtergrond skriffies:
Hebr. 6:12 Sodat julle nie traag word nie, maar navolgers van hulle wat deur geloof en lankmoedigheid erfgename van die belofte is.

2Pet 3:9 Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons, en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom.

Psa 86:15 Maar U Here is 'n barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou.

Gebed:
Liewe Jesus,
Help my asseblief om geduldig te wag vir die regte tyd,
sodat U wil in my lewe kan bewerkstellig.
Amen

Aktiwiteit:

Items benodig: Jou werksboek, skêr, gom, inkleur potlode.

Taak: Kleur die "Josef" bylaag in.
Dis tyd om volgende vrug in die boom te sit!
Sny die suurlemoen uit op die lyntjies, kleur in, en plak dit in die boom. Skryf ook die versie in jou boek, en memoriseer dit vir volgende week.



Hulpmiddels: Josef Bylaag

Josef se lankmoedigheid

Josef was Jakob en Ragel se seun. Hy het 11 broers gehad. Sy broers was jaloers op hom, en gooi hom toe in 'n put. Daarna verkoop hulle hom. Josef land in Egipte. Potifar stuur Josef onskuldig tronk toe .

Al het alles onregverdig gelyk, was dit nog alles deel van God se plan om Sy volk te red. Josef lê drome uit in die tronk. Een nag kry die koning 'n vreeslike droom. Die skinker onthou vir Josef. Hy word uit die tronk gehaal toe hy die droom uitlê.

Daar kom toe hongersnood. Jakob stuur sy seuns om te gaan kos soek in Egipte. Josef se drome word waar. Nadat sy broers berou gehad het, herenig die gesin. So het die Here gesorg dat Egipte 'n sterk land geword het onder Josef, en dat hulle nie omgekom het in die hongersnood nie.

Al het dit aanvanklik gelyk of Jesus vir Josef vergeet het, het Hy Josef voorberei om Sy einddoel te bereik. Genesis 39-40

Hierdie material behoort aan www.whatafriend.co.za. Dit mag gebruik word vir nie-kommersiele doeleindes, indien jy die kopiereg, en ons kontak informasie insluit. Alle ander gebruike het skriftelike toestemming van ons nodig. Dit is onwettig om dit te verkoop.

LES 9: LANKMOEDIGHEID

Bybel Storie gedeelte: : Abraham & Sara. Gen. 15

Ons Boodskap vir vandag: Abraham het duisende beloftes van die Here ontvang. Hy het bly glo, al het sommige beloftes eers jare later tot vervulling gekom. Hy het nooit getwyfel of moedeloos geword nie, behalwe toe die Here hom 'n nageslag belowe het, wou hy nie glo Sara sal kan kinders kry nie en het hy by Hagar 'n seun gehad. Hierdie ongehoorsaamheid en tekort aan lankmoedigheid (geduld) het hom jare daarna nog probleme gegee. Ons moenie die Here vooruitloop nie

Ons skriffie vir die dag: *En ag die lankmoedigheid van onse Here as saligheid, 2 Petr.3:15*

Bykomende agtergrond skriffies:
EK vermaan julle dan, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is, met alle nederigheid en sagmoedigheid, *met lankmoedigheid*, terwyl julle mekaar in liefde verdra en ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede. Efe. 4:1

1Pet 3:20 Toe die lankmoedigheid van God eenmaal gewag het in die dae van Noag, onderwyl die ark gereed gemaak is, waarin agt siele gered is.

Psa 86:15 Maar U Here is 'n barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou.

Gebed:
Liewe Jesus,
Help my asseblief om
geduldig te wees,
en te glo in U beloftes.
Amen

Aktiviteit:

Items benodig: Jou werksboek , inkleur kryte, skêr, gom, inkleur potlode.

Hulpmiddels: Lankmoedigheid / Geduld help ons ook om die ander vrugte van die gees uit te leef. Al die vrugte is in mekaar geweef, en werk saam. Dit is waarom ons ons hele lewe moet inrig om aan te pas. Ons vriende, musiek ens. word daardeur beinvloed. As al hierdie dinge in plek is, sal ons in vrede en harmonie lewe. Sien bylaag: Ps 101 : "Nege huisreels"

Psalm 101:

Die Nege Huisreels:

1. Keur jou musiek volgens vers 1

2.Onberispelike gedrag teenoor die ander mense, en opregtheid van hart in my huis

3. Leef met die besef dat die Here enige tyd 'n besoek kan maak, of kan kom om sy kinders te haal

4. Geen TV programme, tydskrifte of leesstof in my huis wat geklassifiseer kan word onder vers 3 & 4 se vier punte

5. Om nie sleg te praat van my naaste nie

6. Nederigheid is ons beste assuransie en ons voorsorgmatrieël teen skades en ellendes

7. Keur ons vriende volgens vers 6

8. Geen leuens & wangedrag word geduld nie

9. Elke more bid ons, en lees 'n versie uit die Bybel.

Taak: Teken jou eie papierrol en skryf die Nege huisrëels uit. Hou 'n bespreking oor elkeen van die bogenoemde punte met die kinders. Waar maak ek nog oordeelsfoute met die dinge in my lewe?

Hierdie material behoort aan www.whatafriend.co.za. Dit mag gebruik word vir nie-kommersiele doeleindes, indien jy die kopiereg, en ons kontak informasie insluit. Alle ander gebruike het skriftelike toestemming van ons nodig. Dit is onwettig om dit te verkoop.

LES 10: VRIENDELIKHEID

Bybel Storie gedeelte: Vermeerdering van die brode & vissies. Matt. 14

Ons Boodskap vir vandag:
Die seun het geweet sy brood en vissies sal nie genoeg wees nie, maar hy het in opregtheid met vriendelikheid gekom en sy bydrae gemaak. Ons moet geken word aan ons vriendelikheid en dit uitstraal na ander. Dit kan met 'n glimlag, mooi woorde of gebare (soos geskenke) oorgedra word. Hoe meer vriendelike dade ons doen, hoe lekkerder word dit! Ons moet met vriendelikheid gee, nie met 'n suur onwillige gesig nie. Hy kon sy brood en vissies weggesteek het, selfsugtig gewees het en dit self geëet het, maar kyk wat se groot seën het sy vriendelikheid uitgewerk. Laat julle vriendelikheid aan almal bekend wees.

Ons skriffie vir die dag:
Wie vriendelik is, hy word geseën, omdat hy van sy brood aan die arme gee. Spr 22:9

Bykomende agtergrond skriffies:

Verbly julle altyd in die Here ek herhaal: Verbly julle! Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word. Die Here is naby. Fil 4:4-5

Die liefde is lankmoedig en vriendelik; 1 Kor 13:4

Wees almal eensgesind, medelyend, vol broederlike liefde en ontferming, vriendelik. 1 Pet 3:8

Gebed:
Liewe Jesus,
Help my asseblief om altyd
met 'n vriendelike hart te gee.
Amen

Aktiviteit:

Items benodig: Jou werksboek, skêr, gom, prestik, inkleur potlode.

Hulpmiddels: Dis tyd om die volgende vrug in die boom te sit! Sny die aarbei uit op die lyntjies, kleur in, en plak dit in die boom. Skryf ook die versie in jou boek, en memoriseer dit vir volgende week.

Taak: Maak jou eie mandjie met vissies & brode op. Trek dan die punt van die string brode & vissies uit om die vermeerdering te wys wat plaasgevind het:



Sny die mandjie uit, en kleur in. Knip oop op die mandjie se stippellyn.
Vou 'n stuk papier (3 x 21cm lank) in 6 stukke,"zig-zag" en teken 'n vissie op die voorkant. Maak seker die stert en die mond raak aan die sykante, sodat jy dit nie raak sny nie, om 'n ketting effek te kry. Maak 2 sulke vissie papiere. Doen dieselfde met die brode, maar maak 5 brood papiere.



Plaas nou jou opgevoude brode, en vissies in die mandjie. Druk die vissies en brode se agterkant met prestik vas op die mandjie. Glip dit in die sny van die mandjie. Trek die los punt van die papier van beide die brood & vissies om die vermeerdering aan te dui.

Hierdie material behoort aan www.whatafriend.co.za. Dit mag gebruik word vir nie-kommersiele doeleindes, indien jy die kopiereg, en ons kontak informasie insluit. Alle ander gebruike het skriftelike toestemming van ons nodig. Dit is onwettig om dit te verkoop.